Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 31 (22 - 29 SEPTEMBER 2023)

KRIEKET teen NEWTON UITSLAE
Die 0/11B en 0/13B krieketspanne het Dinsdag, 19 September teen Newton wedstryde gespeel. Uitslae is as volg:
0/11B verloor met 57 lopies
0/13B verloor met 23 lopies

TWEEKAMP
Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke behaal het by die Interprovinsiale proewe:
Tiaan Scheppel – 3de plek
Luan Bester – 6de plek
Rauch Burger – 4de plek
JP Burger – 6de plek

TENNIS teen HOPETOWN
Die 0/11 en 0/13 seuns het Woensdag, 20 September teen Hopetown gaan tennis speel. Hulle het ongelukkig verloor.

SKAAK teen HOPETOWN UITSLAE
Vyf van ons skaakspelers het Woensdag, 20 September teen Hopetown gaan skaak speel. Ons het 15 wedstryde altesaam gespeel, waarvan 5 gewen is en 3 was gelykop.

XHARIEP TENNIS
Baie sterkte aan die leerders wat Vrydag, 22 September in Aliwal gaan tenniswedstryde speel teen OP.

KRIEKET 0/13 PRO 20
Baie sterkte aan ons 0/13A krieket seuns wat volgende week met hul Pro 20 Reeks begin. Wedstryde vir volgende week is as volg:
Dinsdag, 26 September teen Newton om 18:00 by Newton se veld.
Bussie vertrek om 16:30. Kospakkies sal gereël word vir koshuisleerders, dorpsleerders moet asseblief vir hul aandete inpak.
Woensdag, 27 September teen Kathu om 13:00 by Staats se veld.
Leerders verdaag om 11:20, bussie vertrek om 11:45. Kospakkies sal gereël word vir koshuis leerders.

KRIEKET teen DE AAR
Baie sterkte aan ons 0/9-span wat Woensdag, 27 September teen De Aar krieketwedstryd speel op Jakkies se veld. Leerders verdaag om 12:15 en wedstryd sal om 13:00 begin.

BUITEMUURS
Daar sal geen buitemuurs wees volgende week nie. Nuwe buitemuurse rooster vir Kwartaal 4 sal op volgende week se nuusbrief wees.

VERGADERINGS:
Hiermee geskied kennis van die volgende vergaderings:
- Finansiële komitee & Begrotingsvergadering: Dinsdag, 26 September om 08:00
- Beheerliggaam: Dinsdag, 26 September om 13:05

BEKERS EN TROFEES
Ouers moet asseblief die bekers en trofees wat hulle kinders verlede jaar tydens die **Prysuitdeling** verower het, laat graveer.
Gewone gravering op plaatjies:
Zane's in Georgestraat Kimberley
Gravering op bekers self:
Tocknell's in Bloemfontein
Alle bekers en trofees moet asseblief net na die vakansie ingehandig word. Skoon en klaar gegraveer.

BEGIN- EN UITKOMTYE
Volgende week begin die skool om 08:00 en verdaag as volg:
- Gr. 1-3: 12:00
- Gr. 4-7: 13:00

MELODRAMA
Jakkies se Melodrama gaan plaasvind op 25 & 26 Oktober. Hierdie is 'n heerlike geesbou geleentheid vir ons skool waar ons personeel en ouers op die verhoog wys wat in ons steek. Ons nooi graag ons brawe ouers uit om ook vir ons items te lewer.
Whatsapp asb. vir juffrou Saricé teen 24 September as jy "guts" het en bereid is om op die verhoog groot te gaan vir Jakkies.

UINSA KLAVIER
Baie geluk aan twee van ons leerlinge wat klaviereksamen gespeel het en baie goed gevaar het.
- Claire Combrink – Gr.1 – 82% met lof
- Simon de Witt – Gr.3 – 80% met lof

Ons is baie trots op julle!
Sterkte aan Simon wat in Oktober Gr.3 teorie skryf.

TROLLIETREK
Ons loods weer ons gewilde **Trollietrekprojek** vanaf Vrydag, 22 September tot Maandag, 13 November. Elke leerder sal 'n inligtingsbrief ontvang waarop u kind se produkte wat hy/sy moet bring, geskryf is.
Elke klas samel spesifieke produkte in waarvan ouers soveel as wat hulle wil kan instuur.
Die produkte moet so gou as moontlik by die klasonderwyser ingehandig word en wel voor **Maandag, 13 November.**

Elke leerder kry ook later 'n boekie met 10 kaartjies om te verkoop (R20 per kaartjie).
U KAN DUS 'N HELE TROLLIE VOL KRUIDENIERSWARE VIR R20 WEN!
Ons wil graag hierdie jaar 'n hele paar trollies volmaak.
TREKKING VAN DIE GELUKKIGE WENNERS VIND PLAAS OP VRYDAG, 17 NOVEMBER.

Die kind wat die meeste kaartjies verkoop wen 'n **geskenkpak!**
Die klas wat die meeste kaartjies verkoop kry 'n **verassing!**

SKOOL SLUIT
Die skool sluit Vrydag, 29 September, om 11:00 vir die vakansie.

…….....
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Christo Rossouw

Mnr Tait & Louise (huwelik)

ACHES & PAINS?!!
Microwaveable Beanbags
R130: SMALL / R150: BIG
Ideal for Home and Office use!
Heat the Beanbag for 4 minutes in the microwave oven and apply to lower neck, lower back, knee or any area where pain persist.
Annie's
083 260 4238

Annie's
Alle Naaldwerk & Herstelwerk
annekesmitt@gmail.com
083 260 4238

JO BLACK
Kom kuier in Jacobsdal
01 OKTOBER 2023
WOORD & LEWE | 10:00
R50pp om sitplek te bevestig
Wilma 061 7224 897 • Anica 072 5282 365

BOERE-OPSKOP

Met Hart

AANGEBIED DEUR

PERDEBERG BOEREVERENIGING!

STALLETJIES, BOERESPORT 12:00

BIERTENT MET GROOT SKERM RUGBY

DANS EN STEAK ETE 19:00 - R160

VEILING, LEWENDEHAWE UITSTALLING

MOET DIT NIE MISLOOP NIE!

PLEK:PERDEBERG BOEREVERENIGING SAAL
DATUM: 23 SEPTEMBER 2023

23ste SEPT!

BESPREEK VOORAF:
Stalletjies:Hetmarie: 082 297 6605
Steak Ete: Renita: 083 564 3659

INGANGSFOOI SONDER STEAK ETE - R60
INGANGSFOOI VOORSKOOLSE KINDERS - R20

KONTANTKROEG BESKIKBAAR!

LEKKER TREINTJIE RITTE VIR DIE KINDERS - R10 PER RIT!